

# JESUS:

'n Lewe van **Impak**  
**2025 REEKS**

**Die Hart van die Koninkryk**

**Die Saligsprekinge**

**Matteus 5:1-10**





## Inhoud

<b>Inleiding .....</b>	<b>4</b>
Week 1: Geseënd is die wat arme van gees.....	7
Week 2: Geseënd is dié wat treur .....	15
Week 3: Geseënd is die sagmoediges .....	23
Week 4: Geseënd is dié wat honger en dors na geregtigheid het....	31
Week 5: Geseënd is die Barmhartiges .....	39
Week 6: Geseënd is die rein van hart.....	47
Week 7: Geseënd is die Vredemakers .....	55
Week 8: Geseënd is die vervolgdes .....	63

## Inleiding

Jesus het sy eerste opgetekende preek op 'n berg naby Kapernaüm, langs die See van Galilea, gehou. Dit was 'n perfekte plek omdat almal Hom goed kon hoor, en hoewel dit ver van Jerusalem se godsdienstige sentrum was, het dit 'n baie belangrike plek geword. Teen hierdie tyd was Jesus alreeds bekend geword as 'n leermeester en geneser in Galilea, Sirië en Dekapolis. Alle soorte mense het gekom om Hom te hoor praat – van vissermanne tot tollenaars tot godsdienstige leraars. Die mense het onder Romeinse heerskappy geleef en baie Jode het gehoop op 'n leier wat hulle sou bevry.

Jesus het gaan sit om te onderrig, soos leermeesters, in daardie dae gedoen het. Hierdie lering van Jesus, sou verander hoe mense oor God se Koninkryk en krag dink.

Hierdie lering staan bekend as die Saligsprekinge en is die inleiding tot die Bergpredikasie. Daarin openbaar Jesus die hart van God se Koninkryk. Hy het 'n prentjie van die Koninkrykslewe geskilder wat elke vooroordeel oor wat dit beteken om waarlik geseënd te wees, sou uitdaag. Sy woorde het uitgedaag wat

mense gedink het dit beteken om deur God geseën te word.

Elke lering in die Saligsprekinge sluit aan by die volgende een. Saam wys hulle hoe 'n mens meer soos Jesus kan word. Hy het oor alles gepraat van nederig wees tot moeilike tye in die gesig staar vir die wat glo.

Wat hierdie leringe spesiaal maak, is dat dit anders is as wat die meeste mense dink. In 'n wêreld wat geluk najaag deur mag, plesier en voorspoed, bied Jesus 'n verstommende ander pad aan. Hy sê vir ons dat die gebrokenes van hart geseënd is, die sagmoediges sal die aarde beërf en diegene wat honger na geregtigheid sal versadig word. Dit is nie net teen-kulturele stellings nie; dit is Koninkryksbeginsels wat ons natuurlike begrip omvîrwerp.

Ons bid dat jy in jou studie van hierdie wonderlike Koninkryksverklarings van Jesus, jou hart sal verander. Gebruik elke week om meer van God se hart vir jou en vir Sy mense te ontdek.

Ons bid dat jy sal leer hoe om jou hart in lyn te bring met die waardes van God se Koninkryk en dat hierdie

grondliggende leerstellings van Jesus nie net die hart van Sy Koninkryk sal openbaar nie, maar jou hart sal verander. Ons bid dat jy sal ontdek wat ware seën volgens God se plan is.

# **Week 1: Geseënd is die wat arme van gees**

Geheuevers: *Salig (geseënd) is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die Koninkryk van die hemele.* (Matteus 5:3).

## **Inleiding tot hierdie week se studie**

In 'n wêreld wat selfgenoegsaamheid, prestasie en trots aan die orde van die dag is, verklaar Jesus dat ware seën kom deur ons volkome geestelike bankrotskap voor God te erken.

Wat beteken dit om arm van gees te wees? Deur hierdie saligspreking roep Jesus nie mense op om lae selfbeeld te hê of valse nederigheid nie, maar nooi Hy ons uit tot 'n diep, innerlike begeerte vir God en Sy genade. Soos leë houers wat wag om gevul te word, skep diegene wat hulle geestelike armoede erken ruimte vir God se Koninkryk om hulle lewens binne te gaan en te transformeer.

Soos ons hierdie vers verken, sal ons ontdek hoe hierdie teen-kulturele beginsel die deur oopmaak om die volheid van God se Koninkryk nou en in ewigheid te ervaar.

## DAG 1: Verstaan geestelike armoede

Skrifgedeelte: Matteus 5:3, Jesaja 57:15, Psalm 34:18  
en Openbaring 3:17-18

Wat beteken dit om "arm van gees" te wees?

---

---

---

Hoe verskil geestelike armoede van materiële armoede?

---

---

---

Waarom dink jy word hierdie saligspreking eerste gelys?

---

---

---

## Gebed

## DAG 2: Die Koninkryk reaksie

Skrifgedeelte: Lukas 18:9-14, Jesaja 66:2 en Jakobus 4:6-10

Hoe verskil die Fariseër en die Tollenaars in hulle geestelike ervarings?

---

---

---

Wat maak die tollenaar se gebed kragtig?

---

---

---

Hoe kan jy hierdie gesindheid in jou eie gebedslewe kweek?

---

---

---

### Gebed

## DAG 3: Voorbeeld van geestelike armoede

Skrifgedeelte: Jesaja 6:1-5, Job 42:1-6 en Daniël 10:4-8

Hoe het Jesaja op God se heilige gereageer?

---

---

---

Wat het gebeur nadat Jesaja sy onwaardigheid erken het?

---

---

---

Hoe beïnvloed die sien van God se heerlikheid ons persepsie van onsself?

---

---

---

### Gebed

## **DAG 4: Die belofte van die Koninkryk van die hemel**

Skrifgedeelte: Matteus 5:3, Jakobus 2:5, Lukas 12:32 en 1 Petrus 5:5-6

Wat beteken dit om die Koninkryk van die hemel te beérwe?

---

---

---

Waarom word die Koninkryk van die hemel aan die armes van gees gegee?

---

---

---

Hoe is hierdie belofte reeds waar in jou lewe?

---

---

---

### **Gebed**

## DAG 5: Wandel in geestelike armoede

Skrifgedeelte: Filippense 3:7-11, 2 Korintiërs 12:9-10 en 1 Timoteus 1:15

Wat het Paulus as verlies beskou in vergelyking met die kennis van Christus?

---

---

---

Hoe kan ons geestelike armoede handhaaf terwyl ons in Christus groei?

---

---

---

Wat moet in jou lewe verander om hierdie houding te hê?

---

---

---

### Gebed

## KLEINGROEPBESPREKING

**Skrifgedeeltes:** Matteus 5:3, Spreuke 29:23 en Lukas 18:14

Lees Psalm 84:12. Jesus gebruik die woord "geseënd" om diegene te beskryf wat arm van gees is. As ons Matteus 5:3 saam met Psalm 84:12 lees, hoe verskil hierdie soort seën van wat die wêreld tipies as geseënd beskou? Hoe lyk ware seën in God se Koninkryk?

---

---

---

Lees Matteus 18:2-4. Matteus 5:3 verbind geestelike armoede direk met die ontvangs van "die Koninkryk van die hemel." waar Jesus sê, "*As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie.*" Hoe hou kinderlike afhanklikheid verband met arm van gees? Waarom is dit dalk 'n voorvereiste om God se Koninkryk binne te gaan?

---

---

---

Lees Openbaring 3:17-18. Matteus 5:3 lê, as die eerste saligspreking, die fondament lê vir alles wat volg. Waarom dink jy het Jesus hierdie lering oor arm van gees eerste gestel? Hoe maak die erkenning van ons geestelike armoede die deur oop om die ander saligsprekinge te aanvaar en te beleef?

---

---

---

Watter praktiese stappe kan jy doen om geestelike armoede aan te kweek? Watter hindernisse verhinder jou om jou geestelike behoeftigheid te erken?

---

---

---

## **Week 2: Geseënd is dié wat treur**

Geheuevers: "*Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word.* (Matteus 5:4)

### **Inleiding tot hierdie week se studie**

Vir ons want in 'n wêreld leef waar mense nie hulle hartseer mag wys of wil wys nie en voorgee dat ons heeltyd gelukkig is, klink dit vreemd as Jesus sê "*Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word.*" Jesus leer dat dit soms nodig is om jou hartseer te wys en vir Hom te noem, want dan sal jy vertroos word.

Sodra ons erken dat ons arm van gees is, begin ons treur – nie net oor persoonlike verliese nie, maar oor ons eie gebrokenheid, die swaarkry rondom ons en die gevolge van sonde in ons wêreld. Hierdie rou gaan dieper as blote hartseer; dit weerspieël 'n hart wat hartseer is oor die dinge wat God se hart bedroef.

Die Griekse woord wat hier vir "treur" gebruik word, is die sterkste woord vir droefheid, maar Jesus koppel hierdie intense droefheid met 'n belofte: "*hulle sal vertroos word.*" Hierdie vertroosting is nie net tydelike verligting nie, maar spreek tot die diepe vertroosting wat van God self kom.

## **DAG 1: Verstaan Goddelike hartseer**

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 7:8-11, Psalm 51:3-6 en Jakobus 4:8-10

Wat is die verskil tussen wêreldse hartseer en goddelike hartseer?

---

---

---

Hoe lei droefheid volgens die wil van God tot bekering?

---

---

---

Wat is die gevolge van droefheid/hartseer volgens die wil van God in jou lewe?

---

---

---

### **Gebed**

## DAG 2: Treur oor sonde

Skrifgedeelte: Psalm 38:2-9, Esra 9:5-15 en Lukas 22:61-62

Hoe spreek Dawid sy droefheid oor sonde uit?

---

---

---

Waarom is dit belangrik om hartseer te voel oor ons sonde?

---

---

---

Hoe help hierdie Psalm ons om ware bekering te verstaan?

---

---

---

## Gebed

## DAG 3: Die belofte van vertroosting

Skrifgedeelte: Jesaja 61:1-3 en Openbaring 21:3-4

Hoe verander God rou in vreugde?

---

---

---

Jesaja 61:3 noem verskeie transformasies: “eer gee in plaas van smart,” “vreugde in plaas van droefheid,” “blydskap in plaas van hartseer.” Wat dink jy verteenwoordig hierdie kontraste in mense se geestelike lewens? Kan jy dink aan 'n tyd toe jy enige van hierdie transformasies ervaar het?

---

---

---

Hoe het jy al God se vertroosting in jou lewe ervaar?

---

---

---

### Gebed

## DAG 4: Treur saam met ander

Skrifgedeelte: Romeine 12:15, Job 2:11-13 en 1 Korintiërs 12:26

Waarom word ons geroep om saam met ander te treur?

---

---

---

Hoe kan dit vertroosting bring om in ander se hartseer te deel?

---

---

---

Op watter praktiese maniere kan jy dié wat treur ondersteun?

---

---

---

### Gebed

## DAG 5: Van rou tot dans

Skrifgedeelte: Psalm 30, Psalm 126:5-6, Johannes 16:20-22 en 2 Korintiërs 4:17-18

Wat is die verband tussen met trane saai en om die oes met 'n gejuig in te bring.

---

---

---

Hoe moedig hierdie gedeelte deursettingsvermoë aan?

---

---

---

Watter saadjies van geloof saai jy in jou huidige seisoen?

---

---

---

### Gebed

## KLEINGROEPBESPREKING

**Skrifgedeelte:** Matteus 5:4, 2 Korintiërs 7:9-10 en Openbaring 21:1-4

Wat is die Bybelse betekenis van "*geseënd is dié wat treur*" en hoekom is ons geseënd in tye van hartseer?

---

---

---

---

Lees Jesaja 61:1-3. Hoe kan Jesaja se profesie ons begrip van die vertroosting wat Jesus belowe het, beter laat verstaan?

---

---

---

---

Deel 'n tyd toe God vertroosting in jou hartseer gebring het. Hoe kan ons veilige ruimtes skep vir mense om ons wat hartseer en rou beleef?

---

---

---

Hoe lei hartseer tot geestelike groei?

---

---

---

---

## **Week 3: Geseënd is die sagmoediges**

*Geheuevers: "Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang." (Matteus 5:5).*

### **Inleiding tot hierdie week se studie**

Jesus het gesê dat sagmoedige mense die nuwe aarde sal ontvang. Dit klink dalk vreemd in vandag se wêreld, waar mense dikwels trots en hoogmoedig is en so prestasie gedreve is. Mense wil hulle ten alle koste handhaaf.

Toe Jesus gepraat het van "sagmoedig" wees, het Hy nie bedoel om swak te wees of om mense oor jou te laat loop nie. Dink aan 'n sterk perd wat goed geleer is. Die perd is steeds kragtig, maar hy is sag en reageer op elke klein sein van sy ruiter. Dit is hoe ware sagmoedigheid is - om krag te hê, maar dit verstandig en saggies te gebruik.

Baie mense dink jy moet aggressief wees en veg om te kry wat jy in die lewe wil hê. Maar Jesus het iets anders gesê – Hy het gesê dat sagmoedige, nederige mense wat hulle krag beheer, uiteindelik diegene sal wees wat werklik slaag.

## **DAG 1: Verstaan sagmoedigheid**

Skrifgedeelte: Matteus 5:5, 11:28-30, Numeri 12:3 en Sefanja 2:3

Hoe definieer Jesus sagmoedigheid deur Sy eie voorbeeld?

---

---

---

Wat beteken dit om "sagmoedig en nederig van hart" te wees?

---

---

---

Hoe verskil sagmoedigheid van swakheid?

---

---

---

## **Gebed**

## DAG 2: Krag onder beheer

Skrifgedeelte: Numeri 12:3, Matteus 26:53-54 en 1 Petrus 3:15

Hoe wys Moses se lewe sagmoedigheid as "krag onder beheer"?

---

---

---

Op watter maniere het Jesus sagmoedigheid gewys tydens Sy arrestasie en kruisigung, al het Hy die mag gehad om dit te stop?

---

---

---

Hoe kan ons sagmoedigheid in ons daaglikse verhoudings wys, terwyl ons steeds vas staan in ons geloof?

---

---

---

### Gebed

## DAG 3: Ontvang die nuwe aarde

Skrifgedeelte: Matteus 5:5, Psalm 37:10-11, Genesis 1:26-28 en Openbaring 21:1 en 7

Wat beteken "om die nuwe aarde te ontvang" in praktiese terme vir gelowiges vandag?

---

---

---

Hoe hou die belofte om die nuwe aarde te ontvang verband met God se oorspronklike bevel aan mense om heerskappy oor die skepping te hê?

---

---

---

Hoe hou ons huidige rol as rentmeesters van God se skepping verband met die toekomstige belofte om die nuwe aarde te ontvang?

---

---

---

### Gebed

## DAG 4: Leer by Jesus

Skrifgedeelte: Matteus 21:1-11, Filippense 2:5-11 en  
2 Korintiërs 10:1

Hoe toon Jesus sagmoedigheid in Sy triomfantlike intog in Jerusalem in?

---

---

---

Wat leer dit ons oor ware leierskap?

---

---

---

Hoe kan jy vandag Jesus se voorbeeld volg?

---

---

---

### Gebed

## DAG 5: Beoefen sagmoedigheid

Skrifgedeelte: Kolossense 3:12-17, Galasiërs 5:22-23  
en Titus 3:1-2

Hoe hou sagmoedigheid verband met ander Christelike deugde?

---

---

---

Watter praktiese stappe kan jy doen om sagmoedigheid aan te kweek?

---

---

---

Hoe kan jou verhoudings verander deur sagmoedigheid?

---

---

---

### Gebed

## KLEINGROEPBESPREKING

**Skrifgedeelte:** Matteus 5:5, Psalm 37:10-11,  
Kolossense 3:12-17 en Filippense 2:5-11

Watter spesifieke eienskappe kenmerk Bybelse sagmoedigheid in hierdie gedeeltes?

---

---

---

Hoe beskou ons kultuur sagmoedigheid teenoor God se beskouing?

---

---

---

Lees Psalm 37:1-11. Hoe verlig die psalmis se beskrywing van die sagmoediges wat die land ontvang, Jesus se belofte oor die ontvangs van die nuwe aarde?

---

---

---

Vertel van 'n tyd toe sagmoedigheid kragtiger was as geweld.

---

---

---

## **Week 4: Geseënd is dié wat honger en dors na geregtigheid het**

Geheuevers: "*Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word.*" (Matteus 5:6).

### **Inleiding tot hierdie week se studie**

Jesus het gepraat oor honger en dors op 'n manier wat Sy luisteraars regtig verstaan het. Hulle het in 'n warm, droë plek gewoon waar dit nie maklik was om genoeg kos en water te kry nie. Hulle het geweet hoe dit voel om regtig honger en dors te wees.

Toe Jesus hierdie woorde gebruik het om oor geregtigheid te praat (om te doen wat reg en goed is), het Hy bedoel ons moet dit net so graag wil hê soos 'n honger persoon kos wil hê of 'n dors persoon water wil hê. Dit gaan nie net daaroor om terloops 'n goeie mens te wil wees nie - dit gaan daaroor om dit so te wil hê dat dit die belangrikste ding in jou lewe word.

Toe Hy belowe het dat mense wat so voel "versadig" sal word, het Hy bedoel hulle sal heeltemal tevrede wees - soos iemand wat so 'n groot maaltyd geëet het dat hulle nie nog 'n hap kan eet nie. God sal mense wat intens begeer om reg te lewe ten volle bevredig.

## **DAG 1: Verstaan geestelike honger**

Skrifgedeelte: Matteus 5:6 en Psalm 42:2-3

Wat beteken dit om te honger en dors na geregtigheid?

---

---

---

Hoe verskil geestelike honger van fisiese honger?

---

---

---

Hoe kan jy geestelike honger in jou lewe herken?

---

---

---

### **Gebed**

## **DAG 2: Die voorwerp van ons honger**

Skrifgedeelte: Filippense 3:7-11, Romeine 14:17 en 1 Petrus 2:24

Wat beskou Paulus bo alles as die moeite werd om na te streef?

---

---

---

Hoe definieer jy geregtigheid?

---

---

---

Wat kompeteer met jou honger na geregtigheid?

---

---

---

### **Gebed**

## **DAG 3: Die belofte van tevredenheid**

Skrifgedeelte: Johannes 6:35-40, Psalm 63:2-6 en Jesaja 58:11

Hoe stil Jesus ons geestelike honger?

---

---

---

Wat beteken dit om "gevul" te wees?

---

---

---

Hoe het jy God se vervulling al ervaar?

---

---

---

### **Gebed**

## **DAG 4: Behou geestelike aptyt**

Skrifgedeelte: Matteus 6:33, Kolossense 3:1-4 en 1 Petrus 2:2-3

Wat beteken dit om eers God se Koninkryk te soek?

---

---

---

Hoe beïnvloed daaglikse keuses geestelike honger?

---

---

---

Watter gebruikte help om geestelike aptyt te behou?

---

---

---

### **Gebed**

## **DAG 5: Lewe vir die wat reg is**

Skrifgedeelte: 1 Johannes 3:7-10, Jakobus 2:14-17 en Miga 6:8

Hoe manifesteer regverdigheid in jou daaglikse lewe?

---

---

---

Wat is die verhouding tussen geregtigheid en liefde?

---

---

---

Hoe kan jy vandag regverdigheid beoefen?

---

---

---

## **Gebed**

## KLEINGROEPBESPREKING

**Skrifgedeelte:** Matteus 5:6, Matteus 6:31-34,  
Matteus 11:28-30 en Filippense 3:7-11

Lees Matteus 6:31-34. Hoe hou hierdie belofte van Jesus in hierdie verse verband met die sagmoediges wat die nuwe aarde gaan ontvang? Wat is die verband tussen sagmoedigheid en om eers God se koninkryk te soek?

---

---

---

---

Lees Matteus 11:28-30. Aangesien Christus ons voorbeeld is, wat leer die manier hoe Hy Homself beskryf het, ons oor die ware aard van sagmoedigheid? Hoe verskil dit van die wêreld se persepsie van sagmoedigheid as swakheid?

---

---

---

---

Lees Filippense 3:7-11. Wat beteken dit om God se geregtigheid "eerste" te soek?

---

---

---

Hoe is dit moontlik dat ons as sondige mense regverdig kan wees?

---

---

---

## **Week 5: Geseënd is die Barmhartiges**

Geheuevers: "*Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.*" (Matteus 5:7).

### **Inleiding tot hierdie week se studie**

Barmhartigheid is meer as net om jammer te voel vir iemand – dit is deernis in aksie. Toe Jesus hierdie woorde gespreek het, het Hy 'n skare toegespreek wat vertroud was met godsdiensstige reëls, maar miskien minder vertroud was met die transformerende krag van barmhartigheid. Hierdie lering gaan nie net oor die ontvangs van God se barmhartigheid nie; dit gaan daaroor om daardie genade deur ons na ander te laat vloei.

In ons wêreld vandag, waar oordeel en kritiek dikwels meer natuurlik as deernis kom, daag hierdie barmhartigheid ons uit om ons harte te ondersoek. Hoe reageer ons wanneer iemand ons onreg aandoen? Wat is ons reaksie op diegene wat ons misluk of teleurstel? Om barmhartigheid te betoon is nie 'n teken van swakheid nie, maar eerder 'n weerspieëling van God se karakter wat in ons werk.

## **DAG 1: Verstaan barmhartigheid**

Skrifgedeelte: Matteus 5:7, Lukas 10:25-37, Jakobus 2:13 en Miga 6:8

Hoe definieer Jesus barmhartigheid deur hierdie gelykenis?

---

---

---

Wat het die Samaritaan se optrede beweeg?

---

---

---

Watter hindernisse verhinder ons om barmhartigheid te betoon?

---

---

---

### **Gebed**

## **DAG 2: Ontvang God se barmhartigheid**

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:4-7, 1 Petrus 1:3 en Titus 3:4-7

Hoe het God Sy barmhartigheid aan ons getoon?

---

---

---

Waarom is dit belangrik om God se barmhartigheid te verstaan voor dat ons barmhartigheid betoon?

---

---

---

Hoe verander God se barmhartigheid ons?

---

---

---

### **Gebed**

## DAG 3: Genade in aksie

Skrifgedeelte: Matteus 18:21-35, Kolossense 3:12-13  
en Lukas 6:36

Wat leer die onvergewensgesinde amptenaar ons oor barmhartigheid?

---

---

---

Wat is die verband tussen om barmhartigheid te ontvang en om barmhartigheid te betoon?

---

---

---

Op watter gebiede moet jy meer barmhartigheid betoon?

---

---

---

### Gebed

## **DAG 4: Barmhartigheid en geregtigheid**

Skrifgedeelte: Jakobus 2:8-13, Psalm 85:11 en Sagaria 7:9-10

Hoe werk barmhartigheid en geregtigheid saam?

---

---

---

Waarom seëvier barmhartigheid oor oordeel?

---

---

---

Hoe kan jy 'n balans vind tussen waarheid en barmhartigheid?

---

---

---

### **Gebed**

## DAG 5: Lewe genadig

Skrifgedeelte: Lukas 6:32-36, Spreuke 19:17 en Matteus 9:13

Hoe daag Jesus ons natuurlike geneigheid uit?

---

---

---

Wat beteken dit om barmhartig teenoor vyande te wees?

---

---

---

Hoe kan jy barmhartigheid betoon in moeilike verhoudings?

---

---

---

## Gebed

## KLEINGROEPBESPREKING

**Skrifgedeelte:** Matteus 5:7, Matteus 18:21-35, Lukas 6:27-36

Vergelyk die gelykenis van die barmhartige amptenaar (Matteus 18:21-35) met Jesus se lering oor barmhartigheid in Lukas 6:36. Watter beginsels oor barmhartigheid kom uit hierdie gedeeltes na vore?

---

---

---

Lees Hosea 6:6 en Matteus 9:13. Hoe daag Jesus se klem op barmhartigheid bo offers, ons manier van dink oor Christenskap en ons eie pad met God uit?

---

---

---

Hoe het die begrip van God se barmhartigheid jou verander?

---

---

---

Op watter praktiese maniere kan jy barmhartigheid in jou gesin, by die werk en in die gemeenskap betoon?

---

---

---

## **Week 6: Geseënd is die rein van hart**

Geheuevers: "*Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien.*" (Matteus 5:8).

### **Inleiding tot hierdie week se studie**

Jesus leer ons dat dit nie genoeg is om net godsdienstig te wees nie – wat regtig saak maak is wat in ons harte is.

In Jesus se tyd was mense baie gefokus daarop om godsdienstige reëls te volg en om hulself fisies skoon te hou deur seremonies. Maar Jesus het van iets anders gespraa – om 'n skoon hart aan die binnekant te hê, wat belangriker is as om net aan die buitekant godsdienstig te lyk.

So, wat beteken dit om 'n rein hart te hê? Dit beteken nie om perfek te wees nie. Dit beteken eerder om eerlik met God te wees, om opreg te wees oor wie ons is, en om God met ons hele hart lief te hê. Jesus maak 'n wonderlike belofte – mense met rein harte "sal God sien." Dit beteken nie net om God eendag in die hemel te sien nie, maar ook om God nou beter te ken en Sy teenwoordigheid in ons daaglikslewelewens te ervaar.

## **DAG 1: Verstaan reinheid van die hart**

Skrifgedeelte: Matteus 5:8, Psalm 51:8-12,  
1 Kronieke 29:17 en Spreuke 4:23

Wat beteken dit om rein van hart te wees?

---

---

---

Hoe beskryf Dawid die behoefte aan innerlike  
reinheid?

---

---

---

Wat is die verband tussen waarheid en reinheid?

---

---

---

### **Gebed**

## **DAG 2: Die proses van reiniging**

Skrifgedeelte: Jakobus 4:7-10, 1 Petrus 1:22 en 2 Timoteus 2:20-22

Watter stappe gee Jakobus om ons hart te reinig?

---

---

---

Hoe lei om nader aan God te kom tot reinheid?

---

---

---

Watter areas van jou lewe het geestelike reiniging nodig?

---

---

---

### **Gebed**

## **DAG 3: Om God te sien**

Skrifgedeelte: Hebreërs 12:14-15, Johannes 14:21 en Job 42:5

Waarom is heiligeheid nodig om God te sien?

---

---

---

Wat beteken dit om "God te sien"?

---

---

---

Hoe beïnvloed reinheid geestelike visie?

---

---

---

### **Gebed**

## **DAG 4: Handhaaf suiwerheid**

Skrifgedeelte: Filippense 4:8-9, Psalm 119:9-11 en 2 Korintiërs 10:5

Hoe beïnvloed ons gedagtes die reinheid van ons hart?

---

---

---

Watter gebruikte help om suiwer gedagtes te handhaaf?

---

---

---

Hoe kan jy hierdie vers prakties toepas?

---

---

---

### **Gebed**

## DAG 5: Suiwer hart in aksie

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:5, 1 Petrus 4:8 en 1 Johannes 3:2-3

Hoe bring 'n rein hart liefde voort?

---

---

---

Wat is die verband tussen geloof en reinheid?

---

---

---

Hoe kan jy vandag suiwer beweegredes toon?

---

---

---

### Gebed

## KLEINGROEPBESPREKING

**Skrifgedeelte:** Matteus 5:8, Psalm 51:8-12, 1 Samuel 16:7 en Hebreërs 10:21-23.

Vergelyk Dawid se gebed vir reinheid in Psalm 51:8-12 met Jesus se lering in Matteus 5:8. Hoe definieer hierdie gedeeltes reinheid van die hart, en wat is die verband daarvan met "om God te sien"?

---

---

---

Lees 1 Samuel 16:7. Hoe help hierdie vers ons om te verstaan wat Jesus bedoel met "rein van hart"? Wat is die verskil tussen uiterlike godsdienstige gedrag en reinheid van die hart?

---

---

---

Lees Hebreërs 10:21-23. Hoe vergroot hierdie vers se verband tussen 'n "opregte hart" en nader aan God ons begrip van Jesus se woorde in Matteus 5:8? Dink aan hoe die beeldspraak van "harte is immers gereinig" en "gewas" verband hou met reinheid van

hart – is dit iets wat ons op ons eie bereik, of is dit God se werk in ons?

---

---

---

Voor watter uitdagings kom jy te staan om die reinheid van die hart te handhaaf? Watter gebruik help jou om rein gedagtes te behou?

---

---

---

## **Week 7: Geseënd is die Vredemakers**

Geheuevers: "*Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.*" (Matteus 5:9).

### **Inleiding tot hierdie week se studie**

In 'n wêreld wat deur konflik verskeur word - van persoonlike verhoudings tot internasionale oorloë - dra hierdie lering besondere gewig. Die vrede waarvan Jesus hier praat, strek veel verder as die blote afwesigheid van konflik. Die Hebreeuse konsep van 'shalom', wat by Sy luisteraars aanklank sou vind, sluit volkome welstand, heelheid en harmonie in verhouding met God en ander in.

Die term "vredemaker" is veral betekenisvol. Jesus sê nie "geseënd is die vredolle mense" of "geseënd is die vredeliewende mense" nie, maar seën eerder diegene wat aktief vrede maak. Dit is 'n oproep tot aksie, om agente van versoening in 'n gebroke wêreld te wees. Die diepgaande beloning – om kinders van God genoem te word – openbaar dat wanneer ons ware vrede maak, ons die karakter van ons hemelse Vader weerspieël, wat deur Christus vrede met die mensdom gemaak het.

## DAG 1: Verstaan Bybelse vrede

Skrifgedeelte: Matteus 5:9, Jakobus 3:17-18 en Jesaja 32:17

Wat kenmerk hemelse wysheid en vrede?

---

---

---

Hoe verskil Bybelse vrede van wêreldse vrede?

---

---

---

Die NIV-vertaling stel Jakobus 3:18 so “*Peacemakers who sow in peace raise a harvest of righteousness.*” Wat beteken dit om vrede te saai?

---

---

---

## Gebed

## **DAG 2: Die koste van vredemaking**

Skrifgedeelte: Matteus 5:10-12, 2 Timoteus 3:12 en 1 Petrus 3:14-17

Hoe kan jy jou ten spyte van die uitdagings of gevolge aan vrede verbind bly?

---

---

---

Watter beloftes bied God aan diegene wat moeilikheid ondervind ter wille van vrede?

---

---

---

### **Gebed**

## **DAG 3: Jesus die Vredemaker**

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:14-18, Kolossense 1:19-20  
en Romeine 5:1

Hoe het Jesus vrede tussen God en mense gemaak?

---

---

---

Watter hindernisse het Christus afgebreek?

---

---

---

Hoe kan jy Christus se voorbeeld van vrede volg?

---

---

---

## **Gebed**

## DAG 4: Praktiese vredemaking

Skrifgedeelte: Romeine 14:19, Hebreërs 12:14 en 1 Petrus 3:8-9

Wat bou vrede in verhoudings?

---

---

---

Hoe kan jy vandag daadwerklik vrede nastreef?

---

---

---

Watter opofferings kan dit van jou vra om 'n vredemaker te wees?

---

---

---

### Gebed

## DAG 5: Verheug ons in vervolging

Skrifgedeelte: Matteus 5:9 en Romeine 14:19

Wat beteken dit om 'n "kind van God" genoem te word as gevolg van ons rol as vredemakers?

---

---

---

Hoe bring vrede eer aan God en weerspieël dit sy karakter?

---

---

---

Hoe kan die beloning om God se kinders genoem te word, jou beweeg om vrede meer aktief in jou lewe te soek?

---

---

---

### Gebed

## KLEINGROEPBESPREKING

**Skrifgedeelte:** Matteus 5:9, Hebreërs 12:14,  
Romeine 12:17-21 en Jakobus 3:17-18

Lees Kolossense 1:19-20. Bespreek God se rol as die uiteindelike vredemaker en ons opdrag om vredemakers te wees in Matteus 5:9. Hoe beïnvloed die feit dat ons die vredemaking van God verstaan ons eie verstaan van vrede?

---

---

---

Lees Efesiërs 2:14-18. Bespreek hoe Christus se vrede werk. Hoe brei hierdie gedeelte ons begrip uit van wat dit beteken om "kinders van God" genoem te word?

---

---

---

Lees Romeine 12:17-21. Wat is die verskil tussen 'n beskermer van vrede (die handhawing van oppervlakkige harmonie) en 'n vredemaker (aktief

werk vir ware versoening)? Deel 'n voorbeeld uit jou eie ervaring.

---

---

---

Lees Jakobus 3:17-18. Hoe brei hierdie gedeelte ons begrip uit van wat dit beteken om 'n vredemaker te wees? Watter eienskappe moet ons aankweek om vredemakers te wees?

---

---

---

## **Week 8: Geseënd is die vervolgdes**

Geheuevers: “*Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.*” (Matteus 5:10).

### **Inleiding tot hierdie week se studie**

Dit is opmerklik dat Jesus nie sê "as" vervolging kom nie, maar met sekerheid praat oor "diegene wat vervolg word."

Die frase " omdat hulle doen wat reg is " is van kardinale belang – dit gaan nie daaroor om gevolge vir swak keuses in die gesig te staar of doelbewus aggressief te wees nie, maar oor vervolging wat voortspruit uit 'n oopregte lewe vir Christus. Die Griekse woord vir vervolging sluit hier onderdrukking sowel as persoonlike teistering in, wat daarop dui dat hierdie teenstand baie vorme kan aanneem.

Vervolging is nooit aangenaam nie, maar dit kan 'n bevestiging wees dat ons getrou as burgers van God se Koninkryk leef. Die belofte van die Koninkryk verskaf krag en perspektief in die aangesig van teenstand.

## Dag 1: Verstaan vervolging

Skrifgedeelte: Matteus 5:10 en 2 Timoteus 3:12

Wat beteken dit om "vervolg te word omdat julle doen wat reg is" in vandag se wêreld?

---

---

---

Hoe kan ons onderskei of ons dade God se regverdigheid weerspieël eerder as eiegerigtigheid?

---

---

---

Op watter maniere dink jy word God se Koninkryk geopenbaar aan diegene wat vervolg word?

---

---

---

## Gebed

## Dag 2: Die beloning van die Koninkryk

Skrifgedeelte: Matteus 5:11 en Johannes 15:18-19

Hoe versterk vervolging jou verhouding met Jesus?

---

---

---

Waarom lok die volging van Jesus soms teenstand of misverstand uit?

---

---

---

Hoe kan die belofte van beloning in die hemel jou help om beproewinge te verduur?

---

---

---

### Gebed

## Dag 3: Verheug in lyding

Skrifgedeelte: Matteus 5:12 en Handelinge 5:41

Waarom dink jy roep Jesus ons om "bly en verheug te wees" tydens vervolging?

---

---

---

Watter lesse kan ons leer by die profete wat vervolging voor ons verduur het?

---

---

---

Hoe kan vreugde in lyding vir ander 'n getuienis van jou geloof word?

---

---

---

## Gebed

## **Dag 4: Vertrou God te midde van teenstand**

Skrifgedeelte: Psalm 34:20 en Jesaja 41:10

Hoe verander vertroue op God se verlossing jou perspektief op vervolging?

---

---

---

Op watter praktiese maniere kan jy op God steun wanneer jy teenstand ondervind?

---

---

---

Hoe moedig hierdie vers jou aan om te volhard in jou geloofsreis?

---

---

---

### **Gebed**

## **Dag 5: Wees lief vir jou vyande**

Skrifgedeelte: Matteus 5:44 en Romeine 12:14

Hoe lyk dit om lief te hê en te bid vir diegene wat jou vervolg?

---

---

---

Hoe kan die keuse van liefde bo vergelding die hart van God weerspieël?

---

---

---

Hoe beïnvloed die liefde vir jou vyande jou eie geestelike groei en getuienis?

---

---

---

## **Gebed**

## KLEINGROEPBESPREKING

**Skrifgedeelte:** Matteus 5:10-12, Jakobus 1:2-5,  
2 Timoteus 3:10-14 en 1 Petrus 2:19-21

Lees Matteus 5:10-12. Jesus sê dat dié wat as gevolg van dat hulle die regte ding doen vervolg word, geseënd is. Hoe kan ons dit versoen met die natuurlike menslike instink om lyding te vermy?

---

---

---

Lees Jakobus 1:2-5. Jakobus praat daarvan om hom in beproewinge te verheug en dit as geleenthede vir groei te beskou. Hoe strook dit met die leringe van Jesus in die Matteus 5:10-12 oor vervolging? Wat is 'n paar praktiese maniere waarop ons hierdie ingesteldheid kan aankweek wanneer ons voor probleme te staan kom?

---

---

---

Lees 2 Timoteus 3:10-14. Jesus sê in Matteus 5:12 ons moet "bly en verheug wees" wanneer ons vervolg

word, want ons "loon is groot in die hemel". Paulus praat daarvan om alles te verduur ter wille van die uitverkorenes, en herinner ons daaraan dat "as ons volhard, sal ons ook saam met hom regeer." Hoe help hierdie ewige perspektiewe om ons reaksie op huidige lyding te vorm?

---

---

---

Lees 1 Petrus 2:19-21. Petrus skryf oor onregverdige lyding en om Christus se voorbeeld te volg. Hoe dien Christus se reaksie op vervolging as 'n voorbeeld vir ons? Watter spesifieke aspekte van Sy reaksie moet ons volg?

---

---

---





**DEO GLORIA**  
Community Church Rockingham



**DEO GLORIA**  
Glory to God -  
Making God's glory known



**COMMUNITY**  
Creating community -  
Serving the community



**CHURCH**  
A loving family of God  
in Rockingham



**WORD-BASED**  
The Bible is the  
foundation of truth



**CHRIST-CENTRED**  
Jesus is the centre  
of our faith



**SPIRIT INSPIRED**  
God's Spirit inspires us  
to live and proclaim  
His truth



**DISCIPLE-MAKING**  
Journeying together,  
following Jesus in obedience